

**MIV-POSITIEWE HUISWERKSTERS SE
KONSTRUERING VAN HUL ERVARINGS VAN MIV &
VIGS BINNE DIE WERKGEWERSGESIN**

deur

Jakoba Petronella Barnard

Proefskrif voorgelê luidens die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

(Opvoedkundige Sielkunde)

Universiteit van Pretoria
Fakulteit Opvoedkunde

Promotor

Prof Irma Eloff

Mede-promotor

Dr Liesel Ebersöhn

PRETORIA

Oktober 2004

BEDANKINGS

By die voltooiing van hierdie studie wil ek graag die volgende persone en instansies van harte bedank:

Professor Jonathan Jansen, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde. Ek waardeer u bereidheid om insette te lewer ten spyte van 'n besige program. U ondersteuning en inspirasie het baie daartoe bygedra dat ek hierdie studie kon voltooi.

Professor Irma Eloff, promotor. Baie, baie dankie vir al u hulp, positiewe insette, professionele leiding en die wonderlike ondersteuning wat u *altyd* bereid was om aan my te verleen.

Dr Liesel Ebersöhn, mede-promotor. U bereidheid om ook by hierdie studie betrokke te raak, het nie ongesiens by my verbygegaan nie. Baie dankie vir u sinvolle insette en positiewe kritiek.

Mnr Dill en die personeel van Transoranje Skool vir Dowes. Dankie vir u bereidheid om my by so baie geleenthede tegemoet te kom en by te staan, sodat ek hierdie studie kon voltooi.

Dr Madelein Beerens. Dankie vir u motivering en aanmoediging om hierdie studie aan te pak asook vir u professionele insette. U volgehoue belangstelling in die vordering van hierdie studie was vir my 'n riem onder die hart.

Mpho Sebanyoni-Motlhasedi. Dankie vir u entoesiasme met betrekking tot hierdie studie en vir die baie deure wat u vir my oopgemaak het. Sonder u insette sou hierdie studie nie voltooi kon word nie.

Die personeel van die Pretoria Kinder- en Gesinsorg Vereniging asook die anonieme Hospitium. Dankie vir u bereidheid om van hulp te wees met die identifisering van deelnemers en die uitvoer van die veldwerk van hierdie navorsingsprojek.

Al die MIV-positiewe huiswerksters wat bereid was om hul leefwêreld en hul lewensverhale met my te deel en aan hierdie studie deel te neem. Sonder julle samewerking sou hierdie navorsingsprojek geensins moontlik gewees het nie.

Wilhelm Haupt. Dankie vir jou opregte belangstelling in hierdie studie en jou waardevolle mentorskap. Dankie vir jou bereidheid om ook die taalversorging te doen!

Vonnelize, Ronél, Rian en Wilhelm. Dankie vir jul liefde, begrip en belangstelling, nie net die afgelope vier jaar nie, maar deur al die ander jare. Ronél, baie dankie vir jou bereidheid om dae en ure aan die tegniese versorging af te staan. Mamma waardeer dit ontsettend baie!

Aan my ouers. Dankie vir julle geduld, belangstelling, ondersteuning, begrip, gebede en liefde.

Soli Deo Gloria

BEVESTIGENDE VERKLARINGS

Hiermee verklaar ek, Jakoba Petronella Barnard, dat die werk in hierdie proefskrif my eie werk is. Hierdie werk is nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, aan enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê nie.

Geteken te Pretoria op 29 Oktober 2004.

.....

JP Barnard

Hiermee verklaar ek, Wilhelm Haupt, dat dit my voorreg was om die taalversorging van hierdie proefskrif te doen.

Geteken te Pretoria op 29 Oktober 2004.

.....

Wilhelm Haupt

Fighting back AIDS

AIDS exposes an aspect of our lives that we most loathe to discuss openly, but it also touches on religious and cultural sensitivities. We must be sensitive to these, yet be bold to explore all avenues that will ensure that our messages are not only received, but well received. The only sure way of achieving this is by involving all of us in our home, our institutions, organizations, places of worship and work.

Dr Nelson Mandela

(National AIDS Convention, 23 October 1992)

AIDS

We are stretched to meet a new dimension
Of love, a more demanding range
Where despair and hope must intertwine.
How grow to meet it? Intention
Here can neither move nor change
The raw truth. Death is on the line.
It comes to separate and estrange
Lover from lover in some reckless design.
Where do we go from here?

Fear. Fear. Fear. Fear.

Our world has never been more stark
Or more in peril.
It is very lonely now in the dark.
Lonely and sterile.
And yet in the simple turn of a head
Mercy lives. I heard it when someone said
“I must go now to a dying friend.
Every night at nine I tuck him into bed,
And give a shot of morphine,”
And added, “I go where I have never been.”
I saw he meant into a new discipline
He had not imagined before, and a new grace.

Every day now we meet it face to face.
Every day now devotion is the test.
Through the long hours, the hard, caring nights
We are forging a new union. We are blest.

As closed hands open to each other
Closed lives open to strange tenderness
We are learning the hard way to mother.
Who says it is easy? But we have the power.
I watch the faces deepen all around me.
It is the time of change, the saving hour.
The word is not fear, the word we live,
But an old word suddenly made new,
As we learn it again, as we bring it alive:

Love. Love. Love. Love.

May Sarton

*Mpho*¹

Mpho is aan VIGS dood. Sy het eers baie, baie siek geword en my ouma het haar dokter toe geneem. Hulle het baie toetse gedoen maar my ouma het vir niks betaal nie. Die dokter wou nie eers vir my ouma sê wat fout is nie. Sy moes 'n verpleegster ompraat, toe hoor sy dis VIGS.

Ons het besluit om vir Mpho te sê dis haar lewer. Ons het vir haar niks verder gesê nie. Ouma wou toe nie hê dat sy verder vir ons moet werk nie. Sy het nog baie vir ons kom kuier en elke keer het sy al hoe maerder en maerder geword. Later het haar bene by haar hande sulke knoppe uitgesteek.

Toe sy dood is, was ons na haar begrafnis toe. Daar was baie min mense op haar begrafnis. Net ons, en haar tannie. Al Mpho se ander mense en kinders was al dood. Miskien ook aan VIGS?

Ek het baie, baie hartseer gevoel. Mpho het my opgepas vandat ek 'n klein dogtertjie was. Sy het my baie, baie bederf. Sy het my elke dag by die skool kom haal. Sy het baie keer van haar eie geld gevat en vir my lekkergoed of roomys gekoop. Ek mis haar baie.

---oOo---

¹ Hierdie transkripsie is dié van die woorde van 'n kind waarmee die navorser 'n gesprek gevoer het. Dit handel oor ware gebeure. Die transkripsie word anoniem geplaas; dog met toestemming van die kind en haar ouers. *Mpho* is 'n skuilnaam.

DIE EIK-OF-ROTS-VERWYSINGSBELEID
met betrekking tot die gebruik van 'n wye verskeidenheid bronne

'Wat maak dit verskil,' het Charmides gevra: 'by wie ek dit gehoor het?' 'Dit maak glad geen verskil nie,' het ek (Socrates) geantwoord: 'want wat saak maak is nie wie die woorde gesê het nie, maar of hulle waar is of nie' (Plato (Soc & Char) circa 390 vC:161).

With regard to authority, it is the greatest weakness to attribute infinite credit to particular authors and to refuse his own prerogative to time, the author of all authors (Bacon 1620).

Die geneigdheid tot ivoortoringnavorsing in akademiese kringe plaas dikwels beperkings op die bronne waaruit kennis vergader word. Daar word geredeneer dat verworwe kennis slegs as sodanig beskou kan word as dit reeds voorheen deur akademici of akademiese uitgewers erken is.

Daar word neergesien op die aanhaling van inligtingsbronne van buite hierdie erkenningsnetwerk, as sou dit die waarheid of die waarde van die waarheid kon aantast, ongeag die *prima facie* waarheidsinhoud van die inligtingsbron ten opsigte van die spesifieke vraagstuk. Dikwels is akademici selfs geneig om aanhalings van opponente of persoonlike kritici te minag, ook ongeag die werklike waarheidsinhoud van sodanige aangehaalde werk. Hierdie bevreemding word dan op die werk van die aanhalende navorser geprojekteer en die waarde daarvan word dikwels misken.

Hierdie toedrag van sake is nie ideaal nie, aangesien dit die universiteit kennelik verarm. Navorsing wat steun op die drie bene van

- outoriteite wat normaalweg deur die navorser erken word,
- outoriteite wat soms of dikwels deur die navorser geopponeer word en
- bronne wat bloot toevallige kennisaanvulling uit 'n onverwagte oord tot die navorsingsvraagstuk lewer,

staan in werklikheid veel stewiger as wat dit sou staan terwyl dit slegs op die eerste been rus. Sir Francis Bacon het dit soos volg gestel: "Nor is it only the admiration of antiquity, authority, and unanimity, that has forced man's industry to rest satisfied with present discoveries, but, also, the effects already placed within its power" (Bacon 1620).

In hierdie proefskrif sal 'n vrye aanhalingsbeleid gevolg word. Volgens Socrates was daar 'n tradisie in die tempel van die godin Dodona vir wysgere om aan jonger filosowe te sê dat die waarhede of voorspellings wat die wysgere oordra van eikebome afkomstig is. Hulle het geredeneer dat die waarheid waarheid is, selfs al sou dit van eik of rots afkomstig wees (Plato (Soc & Phæ) circa 390 vC:275).

Plato kan as die vader van die Universiteit beskou word, aangesien hy in 387 vC die Akademie in Athene gestig het en tot sy dood as rektor bestuur het (Hutchins 1971:v). Aangesien die dialoë en nalatenskap van Socrates juis deur Plato gedokumenteer is, sou dit van pas wees om hierdie aanhalingsbeleid die Eik-of-Rots-verwysingsbeleid te noem.

In hierdie proefskrif sal daar dus vryelik na outoratiewe outeurs sowel as kontemporêre kommentators, selfs uit die dag- of populêre pers, verwys word. Uit respek vir navorsers wat hierdie beleid te vry vind, sal die verwysingslys egter geskei word in "outoratiewe" en "populêre" bronne sodat die onderskeid nie verlore gaan nie.

Juis in hierdie studie is só 'n beleid aangewese as gevolg van die betrokkenheid van die media by die hantering van die vraagstukke wat ondersoek word. Shisana en Simbayi (2002:102) wys daarop dat die media 'n sleutelrol speel in die skeep, maar ook in die opklaring van mites aangaande die aard en verspreiding van MIV & VIGS:

Purposive campaigns utilising mass media, as well as responses to HIV/AIDS in the news media, should be oriented towards understanding addressing HIV/AIDS information correctly and directly ... Lower levels of access to mass media channels in rural communities and poorer households should be noted.

SYNOPSIS

**HIV-POSITIVE DOMESTIC HELPERS' CONSTRUCTIONS
OF THEIR EXPERIENCES OF HIV & AIDS WITHIN
THEIR FAMILIES OF EMPLOYMENT**

by

JAKOBA PETRONELLA BARNARD

Student number : 74072707
Promotor : Prof. Irma Eloff, PhD
Co-promotor : Dr. Liesel Ebersöhn, PhD
Department : Educational Psychology

This study focused on HIV-positive domestic helpers and the constructions of their experiences in their employing families. A literature survey established the primary theoretical assumption for the study that acknowledges the domestic helper as an integral part of the extended family of the employer.

The study sought to generate grounded theory through content analysis, qualitative research methods and the constructivist-interpretative paradigm. Semi-structured interviews with open questions were conducted with 14 HIV-positive domestic helpers. Responses captured in audio recordings were transcribed and analysed. The textual data was then analysed and interpreted based on open, axial and selective coding. From this coding process four themes emerged as the ways in which HIV-positive domestic helpers construct their experiences within the families. The results from this study indicate that they construct their experiences around:

- the HIV & AIDS diagnosis,
- their HIV & AIDS status,
- their emotions and

- their needs.

A particularistic scrutiny of the data and research results indicate that participants experience that visible symptoms of HIV & AIDS may forewarn employers when domestic helpers are HIV-positive. These domestic helpers experience negative attitudes, reduction of job content and retrenchment with concomitant financial repercussions. However, the participants in this study indicated that the attitude of employers' children towards them remain positive after diagnosis.

In terms of the way in which they construct their experience around emotion, results indicate that they experience complex emotions including shock, uncertainty, loneliness, unworthiness, guilt, rejection, concern, anger, shamefulness and depression. Yet, they also present high levels of acceptance and spiritual growth. In terms of needs, they indicate the need for HIV-friendly workplaces and medical care. They specifically desire employers to help care for their children when they pass away.

A comprehensive appraisal of the research results points towards two key aspects: the *lack of agency* that is prevalent in this group of participants and the *silences* that is evident from their narratives. The narratives of the HIV-positive domestic helpers indicate that they easily negate agency of their lives to their employers and concomitantly that the lack of agency hampers their ability to retain a sense of worthiness and responsibility for their lives.

The results from this study also ensconce *silences* in many guises. Silences were reflected:

- through semantic values and linguistic nuances,
- regarding acts or omissions of employers,
- regarding communications,
- regarding needs and
- regarding reduction of job content.

In rare instances, the construction of experiences of some participants confirmed the ability of HIV-positive domestic helpers to accept agency of their circumstances. In

summary, HIV-positive domestic helpers in this study experienced a lack of agency, they report narratives of silences, but they also reflect elements of healing, growth and spiritual deepening when they construct their experiences of HIV & AIDS in their families of employment.

---oOo---

SLEUTELWOORDE / KEYWORDS

MIV & VIGS	HIV & AIDS
MIV-positief	HIV-positive
agentskap	agency
konstruktivisties-interpretatiewe	constructivist-interpretative
huiswerkster	domestic helper
emosie	emotion
grondslag teorie	grounded theory
helper	house worker
kwalitatiewe navorsing	qualitative research
stilte	silence

---oOo---

INHOUDSOPGAWE

Bls

HOOFSUK 1

OORSIG EN ORIËNTASIE VAN DIE STUDIE

1.1	HOOFSTUKOORSIG	1
1.2	INLEIDING	2
1.3	BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM	5
1.4	PROBLEEMSTELLING	9
1.5	DIE NAVORSINGSVRAAG	10
1.6	DOEL VAN DIE STUDIE	10
1.7	PARADIGMA VAN DIE STUDIE	10
1.8	AANNAMES VAN DIE STUDIE	11
1.9	BEGRIPSVERKLARINGS	12
1.10	VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK	17
1.11	KRITIESE TERUGSKOUING	19

HOOFSTUK 2**DIE IMPAK VAN MIV & VIGS OP VROUE EN HUISWERKSTERS
IN SUID-AFRIKA**

2.1	HOOFSTUKOORSIG	21
2.2	INLEIDING	22
2.3	DIE MENSLIKE IMMUNITEITSGEBREKVIRUS (MIV) EN DIE VERWORWE IMMUNITEITSGEBREKSINDROOM	25
2.3.1	DIE OORSPRONG VAN MIV	25
2.3.2	DIE KLINIESE GEGEWENS	26
2.3.2.1	Hoe beveg die menslike liggaam infeksie?	26
2.3.2.2	Hoekom werk die menslike immuniteitstelsel nie effektief teen MIV nie?	28
2.3.2.3	Watter gevolge hou bogenoemde proses vir die menslike liggaam in?	28
2.3.3	DIE VERSPREIDING VAN MIV & VIGS	29
2.3.4	STADIA VAN MIV & VIGS	31
2.4	DIE VERLOOP VAN MIV & VIGS IN SUID AFRIKA	33
2.4.1	AGTERGROND	33
2.4.2	SUID-AFRIKA SE RESPONS OP MIV & VIGS	36
2.5	DIE IMPAK VAN MIV & VIGS	39
2.5.1	INLEIDING	39
2.5.2	DIE IMPAK VAN MIV & VIGS OP DIE WERKPLEK	40
2.5.3	DIE IMPAK VAN MIV & VIGS OP DIE GESONDHEIDSEKTOR	45
2.5.4	DIE IMPAK VAN MIV & VIGS OP DIE ONDERWYS	45
2.5.5	DIE IMPAK VAN MIV & VIGS OP DIE VROU EN HAAR GESINSISTEEM	46
2.5.5.1	Inleiding	46
2.5.5.2	Die Krisis Fase: MIV-infektering	48
2.5.5.3	Die Chroniese Fase: Opportunistiese MIV & VIGS-infeksies	53
2.5.5.4	Die Terminale Fase: Spirituele Integrasie, Afsterwe en Rou	62
2.6	KRITIESE TERUGSKOUING	67

		Bls
<i>HOOFSTUK 3</i>		
DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE GESIN		
3.1	HOOFSTUKOORSIG	69
3.2	INLEIDING	70
3.3	DEFINISIES	72
3.4	DIE UITGEBREIDE HUISGESIN	76
3.5	FUNKSIES VAN DIE GESIN	80
3.6	DIE LEWENSIKLUS VAN DIE GESIN	82
3.7	DIE MODERNE EN POSTMODERNE WESTERSE GESIN	84
3.8	DIE POSISIE VAN DIE HUISWERKSTER IN SUID-AFRIKA	87
3.9	NUWE WETGEWING EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE POSISIE VAN DIE HUISWERKSTER IN DIE SUID-AFRIKAANSE GESIN	92
3.10	KRITIESE TERUGSKOUING	96

HOOFSTUK 4**ERVARINGS VAN MIV-POSITIEWE HUISWERKSTERS:
NAVORSINGSONTWERP**

4.1	HOOFSTUKOORSIG	98
4.2	INLEIDING	98
4.3	NAVORSINGSPROBLEEM	99
4.4	NAVORSINGSVRAAG	100
4.5	NAVORSINGSONTWERP EN DIE NAVORSINGSPROSES- BESKRYWING	100
4.6	DOEL VAN DIE NAVORSING	103
4.7	TEORETIESE BEGRONDING VAN DIE NAVORSING	103
4.7.1	KWALITATIEWE NAVORSING	103
4.7.2	PARADIGMA	105
4.7.3	SUBJEKTIWITEIT	107
4.7.4	OUTENTIEKHEID / GELOOFWAARDIGHEID	108
4.8	DATA-INSAMELING	111
4.8.1	INLEIDING	111
4.8.2	ETIESE SELEKTERING VAN DEELNEMERS EN DATA-INSAMELING	112
4.8.3	MEETINSTRUMENT: SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE	115
4.9	TRANSKRIBERING VAN ONDERHOUDE	120

	Bls
4.10 DATA-ANALISE	121
4.10.1 GRONDSLAGTEORIE (GROUNDED THEORY)	121
4.10.2 OOP KODERING	122
4.10.3 AKSIALE KODERING	123
4.10.4 SELEKTIEWE KODERING	124
4.11 KRITIESE TERUGSKOUING	125

HOOFSTUK 5**DIE NAVORSINGSPROSES: DATA-INSAMELING , DATA-ANALISE
EN NAVORSINGSBEVINDINGS**

5.1	HOOFSTUKOORSIG	127
5.2	INLEIDING	129
5.3	DATA-INSAMELINGSPROSES	130
5.3.1	VELDONDERSOEK	130
5.3.1.1	Besoeke aan instansies	130
5.3.1.2	MIV & VIGS-beradingsopleiding	136
5.3.1.3	Onderhoude	137
5.4	DATA-ANALISE	146
5.5	NAVORSINGSBEVINDINGS	147
5.5.1	ERVARINGS TEN OPSIGTE VAN MIV & VIGS-DIAGNOSE	147
5.5.1.1	Vermoedens op grond van sigbare simptome	149
5.5.1.2	Bevestigde diagnose op grond van gedwonge MIV & VIGS-toetsing	152
5.5.1.3	Bevestigde diagnose op grond van vrywillige MIV & VIGS-toetsing	154
5.5.2	ERVARINGS TEN OPSIGTE VAN MIV & VIGS-STATUS	154
5.5.2.1	Onvoldoende positiewe MIV & VIGS-gesprekvoering	154
5.5.2.2	Onvoldoende MIV & VIGS-kennis	159
5.5.2.3	Ervarings ten opsigte van die houding en gesindheid van die werkgewer	160
5.5.2.4	Ervarings ten opsigte van die houding en gesindheid van die werkgewersgesin se kinders	167
5.5.3	ERVARINGS TEN OPSIGTE VAN EMOSIES	173
5.5.3.1	Skok en gepaardgaande reaktiewe emosies	173
5.5.3.2	Onsekerheidsgevoelens	176
5.5.3.3	Eensaamheid en gepaardgaande isolasie	176
5.5.3.4	Minderwaardigheidsgevoelens	179
5.5.3.5	Skuldgevoelens	181
5.5.3.6	Verwerping	183
5.5.3.7	Vrees en gepaardgaande bekommernis	184
5.5.3.8	Woede	186

		Bls
5.5.3.9	Hartseer, terneergedruktheid en uiteindelijke moontlike depressie	188
5.5.3.10	Skaamtegevoelens	189
5.5.3.11	Gevoelens van trots	190
5.5.3.12	Aanvaarding	190
5.5.4	ERVARINGS TEN OPSIGTE VAN BEHOEFTES	193
5.5.4.1	“MIV-vriendelike” werksomstandighede	193
5.5.4.2	Werkgewersondersteuning ten opsigte van persoonlike behoeftes	203
5.6	KRITIESE TERUGSKOUING	208

		Bls
HOOFSTUK 6		
BESPREKINGS VAN NAVORSINGSBEVINDINGS EN AANBEVELINGS		
6.1 HOOFSTUKOORSIG		212
6.2 INLEIDING		213
6.3 ONGELYKE MAGSVERHOUDING TUSSEN MIV-POSITIEWE HUISWERKSTERS EN WERKGEWERS		213
6.3.1 GEBREK EN VERLIES AAN AGENTSKAP		214
6.3.2 STILTES IN DIE DATA		221
6.3.3 SAMEVATTING TEN OPSIGTE VAN AGENTSKAP EN STILTES		226
6.4 GEÏDENTIFISEERDE TEMAS EN LITERATUUR-KONTROLE		228
6.4.1 ERVARINGS TEN OPSIGTE VAN MIV & VIGS-DIAGNOSE		229
6.4.2 ERVARINGS TEN OPSIGTE VAN MIV & VIGS-STATUS		231
6.4.3 ERVARINGS TEN OPSIGTE VAN MIV & VIGS-EMOSIES		234
6.4.4 ERVARINGS TEN OPSIGTE VAN MIV & VIGS-BEHOEFTES		237
6.5 AANBEVELINGS		242
6.5.1 PRAKTYKGERIGTE AANBEVELINGS		243
6.5.2 OPLEIDINGSGERIGTE AANBEVELINGS		245
6.5.3 NAVORSINGSGERIGTE AANBEVELINGS		246
6.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS		247
6.7 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE		249
6.8 BYDRAE VAN DIE STUDIE		252

BIBLIOGRAFIE

OUTORATIEWE BIBLIOGRAFIE	255
POLULêRE BIBLIOGRAFIE	278

BYLAE

BYLAAG A:	Inligtingsbrosjyre en Toestemmingsdokument	282
BYLAAG B:	Patient Information Leaflet and Informed Consent	286
BYLAAG C:	Semi-gestruktureerde Onderhoudsvrae	290
BYLAAG D:	Navorsingsdagboek: Opsomming	292
BYLAAG E:	Transkripsies van Onderhoude	296

VLOEIDIAGRAM, FIGURE & TABELLE

Bls

VLOEIDIAGRAM

Vloeidiagram 2.1	Diagrammatiese voorstelling van die fases van die impak van MIV & VIGS op die vrou en haar gesin	47
------------------	--	----

FIGURE

Figuur 4.1	Navorsingsontwerp: Grafiese voorstelling	101
Figuur 5.1	Gesinstekening	138
Figuur 5.2	Grafiese voorstelling van die deelnemers se werkgewersgesin per bevolkingsgroep	144
Figuur 5.3	Temas wat geïdentifiseer is ten opsigte van MIV-positiewe huiswerksters se konstruering van hul ervarings van MIV & VIGS binne die werkgewersgesin	148

TABELLE

Tabel 5.1	Biografiese besonderhede van deelnemers	145
Tabel 5.2	Aantal diensjare wat deelnemers by betrokke werkgewersgesin voltooi het	146
Tabel 5.3	Deelnemers se ervarings ten opsigte van gebeure tot vrywillige MIV & VIGS-toetsing	155
Tabel 5.4	Deelnemers se ervarings met betrekking tot werksverpligtinge en omstandighede nadat hul MIV-positiewe diagnose bekend geword het	165
Tabel 5.5	Deelnemers se ervarings ten opsigte van 'n verswakte finansiële posisie nadat hul werkgewer van hul MIV-positiewe status bewus geword het	166
Tabel 5.6	Deelnemers se ervarings van moontlike oneerlike optrede deur werkgewers	168
Tabel 5.7	Deelnemers se unieke ervarings ten opsigte van werkgewers se algemene gesindheid en houding	169
Tabel 5.8	Motivering vir die weglating van die werkgewersgesin se kinders se reaksie uit die analise in die geval van sommige deelnemers	170
Tabel 5.9	Opsomming van die oorsprong van onsekerheidsgevoelens wat by sommige deelnemers geïdentifiseer is	177
Tabel 5.10	Deelnemers se ervarings ten opsigte van emosies	194
Tabel 5.11	Deelnemers se ervarings ten opsigte van behoeftes binne die werkgewersgesin	209